

8 Januarie

Skrifgedeelte: Rut 2

Fokusgedeelte: Rut 2:12

God voorsien 'n genadeloon

Om terug te kom in Betlehem (die huis van brood), beteken nie dat daar outomaties kos op die tafel is nie. Die bejaarde Naomi bly tuis, en Rut ag dit nie benede haar om soos 'n diensmeisie, 'n slavin, agter die koringsnyers te gaan are optel nie. Trouens, sy werk harder en flukser as almal. Onthou dat sy nie alleen moet optel vir die behoeftes van daardie dag nie, maar ook om genoeg te kan insamel vir die behoeftes van die hele jaar. Sy moet genoeg probeer insamel totdat die HERE weer die oes op die lande laat rypword.

Sy gryp die genadeloon van die HERE aan met beide hande! Waarlik, sy is vir Naomi meer werd as sewe seuns!

Die Here maak ook Boas se oë hiervoor oop. Sy is nie maar net vir hom tiperend van 'n baie flukse vrou nie, maar hy sien ook die HERE se werk in en deur haar raak: "... mag jou loon volkome wees van die HERE ..."

Rut mag oes wat sy nie geplant het nie, sy mag gaarmaak wat sy nie voor gewerk het nie, sy mag eet wat sy nie verdien het nie.

Maar, dink jy dat jy kry wat jy verdien? Dat jy gaarmaak wat jy ingebring het ? Dat jy eet, omdat jy hard gewerk het daarvoor? Verstaan ons nog dat God voorsien? Weet ons nog dat ook die krag en gesondheid om te kan werk, van God kom?

Hierdie genadeloon van God strek egter veel verder. Rut leef die evangelie!

Sonder Jesus Christus swerf ons in die velde van Moab. Met Hom word ons daaglik versadig met dit wat ewig is. Die HERE beloof nie 'n wonderlike, sorgvrye bestaan op die aarde nie, maar dat ons altyd sal doen wat ons hand vind om te doen, terwyl ons weet dat Hy veel meer voorsien as wat ons ooit kan verdien. In Christus, die Brood van die Lewe! Selfs te midde van die besigste dagprogram mag ons nooit die fokus op die HERE se voorsiening en genade verloor nie. Selfs te midde van die mees haglike omstandighede mag ons nooit twyfel daaraan dat die genadeloon in Christus werklik in al my nood sal voorsien nie.

Sing: Psalm 128:1

Ds LSD du Plessis (Groblersdal)